SRA
JONKERSHOEK

# NUUS / NEWS

Vol 2 Nr 1

8 Feb 2016

## Nuwe Diensverskaffer

Thorburn is na 'n omvattende keuringsproses aangestel om die pro-aktiewe sekuriteitspatrollies in die Jonkershoek SRA-gebied te doen. Thorburn het op 1 Februarie diens aanvaar. Februarie dien ook as die oorgangsfase vir die patrolliedienste van Stellenbosch Wag af na Thorburn. Die Toyota Etios Cross, getooi in die nuwe Jonkershoek mondering, doen van 1 Februarie af diens in die dorpsgebied. (Sien inligting oor ons logo hieronder.)

Die Stellenbosch Wag patrollie gaan voorlopig voort om die plase in die vallei te bedien. Thorburn is besig om 'n nuwe 4x4 bakkie volledig toe te rus om die diens in die vallei oor te neem. Bo en behalwe die patrollievoertuie is daar twee fietspatrollies vanaf 1 Februarie aan diens. Die alarmreaksie voertuig van Thorburn gaan ook soos normaal voort in die woonbuurt en gee verder ondersteuning aan die Jonkershoek patrollering.

Die nommer wat op die Jonkershoek dorpspatrollie voertuig aangebring is, nl. (021) 886 8976, is dié van die Stellenbosch Wag beheerkamer vir bystand. Die selfoon-nommer van die sekuriteitswag in die patrollievoertuig bly 082 832 3303.

## Dankie! Stellenbosch Wag

Die bestuur van die Jonkershoek SRA wil van die geleentheid gebruik maak om teenoor Stellenbosch Wag namens alle oudlede en ander inwoners van hierdie woongebied ons opregte waardering uit te spreek. Hulle het onder leiding van Antoon van Zyl en die direksie oor die jare aan al ons inwoners uitstekende diens gelewer (en doen dit nog steeds met die bakkie wat in die vallei diens doen.) Dit is die bestuur se doelwit om steeds nou met die Stellenbosch Wag-span te bly saamwerk en sodoende die Stellenbosse Veiligheidsinisiatief verder uit te bou.

## New Service Provider

After a thorough selection process Thorburn has been appointed to perform the pro-active security patrols in the Jonkershoek SRA region. Thorburn assumed duty on 1 February. February also serves as a transition month in which the patrol services are switched from Stellenbosch Watch to Thorburn. A Toyota Etios Cross, displaying the new Jonkershoek SRA logo, has been patrolling the town area since the beginning of the month. (Information on the logo is provided below.)

The Stellenbosch Watch patrol vehicle temporally continues its services in the farm area. Thorburn is in the process of equipping a new 4x4 utility vehicle to take over the services in the valley. In addition to the patrol vehicles two patrol bicycles assumed service since the beginning of the month. The alarm action vehicle of Thorburn continues its services in the residential area and also offers support with patrols in the Jonkershoek valley.

The telephone number displayed on the town patrol vehicle is (021) 886 8976, which is the number of the Stellenbosch Watch Control Room. This number can be dialled when support is needed. The cell phone number of the security guard in the patrol vehicle remains 082 832 3303.

## Thank You! Stellenbosch Watch

The management of the Jonkershoek SRA wishes to take this opportunity to thank Stellenbosch Watch on behalf of all former members and other residents of the area. They rendered excellent services over many years under the leadership of Antoon van Zyl and the board of directors (and still continue to do so with the utility vehicle.) It is our aim as a management team to continue our cooperation with Stellenbosch Watch and in the process to further enhance the Stellenbosch Safety Initiative.

## Uitbreiding van Veiligheidsdienste

Die dienste wat die Jonkershoek SRA, gerugsteun deur Thorburn en Stellenbosch Wag, aanbied sluit die volgende in:

- pro-aktiewe patrollering van die area
- reaksie op insidente deur inwoners gerapporteer
- ‘n beheerkamer wat, soos voorheen, deur Stellenbosch Wag beman word.

Inwoners word aangemoedig om enige verdagte aktiwiteite, voertuie of persone by die patrollievoertuig of die Stellenbosch Wag wagkamer of WHATSAPP groepe te rapporteer. Al die opsies is vir 24 uur, sewe dae per week, beskikbaar om positief te reageer op skakeling van inwoners. Daar word intussen werk gemaak van die ander inisiatiewe waarvan melding gemaak is op die loodsvergadering van die Jonkershoek SRA maatskappy.  In volgende uitgawes van Jonkerhoek Nuus/News sal daar in meer diepte hieroor berig word.

**1. Die uitrol van kameras.**

Die ontplooiingsplan van die kameranetwerk is verlede jaar opgestel. Die stappe wat nou gedoen word is om ons netwerk in te skakel met 'n volledig toegeruste kontrolekamer, beman deur 'n goed-opgeleide observasiespan. Die opleiding en inrig van die beheerkamer en die aankoop van die kameras is reeds aan die gang en tenders daarvoor reeds gedoen.Ons dank aan al die mede-inwoners wat REEDS na vore gekom het om te belê in die aankoop van die kameras en toerusting . Met hulle bydraes word elkeen in Jonkershoek se veiligheid en sekuriteit eenvoudig net soveel beter gemaak. Verdere bydraes sal verwelkom word en dié wat beloftes gemaak het maar nog nie betaal het nie, word vriendelik versoek om die geld oor te betaal, asseblief.

**2. Jonkershoek webbladsy**

Hierdie is 'n noodsaaklikheid vir ons buurt aangesien dit die nommer een medium is waardeur ons met mekaar kan praat. Dit is dus ook noodsaaklik dat 'n webbladsy ontwerp moet word wat aan al Jonkershoek se vereistes voldoen, insluitende die gemak van werking via alle kommunikasie-instrumente, soos selfone, tablette, persoonlike rekenaars, ensovoorts, in die regte versendingsformaat.

**3. Aanstelling van 'n voltydse bestuurder**

In November en Desember 2015 is 'n kortlys van die mees geskikte kandidate vir 'n voltydse bestuurder vir die Jonkershoek SRA opgestel. Onderhoude is reeds met die persone gevoer. Sodra die direksie die aanstelling gedoen het, sal die persoon se naam bekend gemaak word.

## Extension of Security Services

The services offered by the Jonkershoek SRA and backed up by Thorburn and Stellenbosch Watch include the following:

- pro-active patrolling of the area
- reaction to incidents reported by residents
- a control room manned as before by Stellenbosch Watch

Residents are encouraged to report any suspicious activities, persons or vehicles to the patrol vehicle, the Stellenbosch Watch patrol room or existing WHATTSAPP groups. These options are all available for 24 hours, seven days a week, to respond to any communication from residents.

Other initiatives mentioned at the launch meeting of the Jonkershoek SRA company are currently being followed up. Future issues of Jonkershoek Nuus/News will report in more depth on these matters.

**1. Installation of cameras**

The planning for the deployment of the camera network has been done last year. We currently work on the incorporation of our network with the fully equipped control room, manned by a properly trained observation team. The training of the team and the furnishing of the control room are under way and tendering for the camera network has been done. We express our sincere gratitude towards residents who already came forward to invest in cameras and equipment. With their support every person in Jonkershoek enjoys so much better safety and security. Further contributions will be welcomed and those who made promises but have not yet paid are encouraged to please make their payment.

**2. Jonkershoek Web Page**

A web page is essential for our neighbourhood since it is the preferred means of communication. It is therefore essential that the web page be developed in such a way that it satisfies all our requirements, including easy access to all our communication instruments, such as cell phones, tablets, personal computers, etc., in the appropriate transmission modes.

**3. Appointment of a full time manager**

A shortlist of the most competent candidates for the position of full time manager has been prepared in November and December 2015. Interviews have also been conducted. As soon as the Board has made a final decision, the name of the manager will be made available.

## Die Jonkershoek handelsmerk

Die Jonkershoek handelsmerk is ontwerp deur Elizna Venter van Letterchef. Die logo word reeds op ons briefhoofde en op die patrollie voertuie gebruik. Dit sal mettertyd in alle komunikasiemedia aangewend word.

Die handelsmerk kan, soos hieronder aangedui, in volkleur of in swart-en-wit gebruik word.

### HANDELSMERK BESKRYWING

SKILD:
Die skild dui op veiligheid en sekuriteit, maar ook op die ryk geskiedenis van die area, waar die oorspronklike plase of gebiede byna almal iewers in hulle geskiedenis 'n skild as deel van hul wapen gehad het.

BLOM:
Die blom is 'n samestelling uit verskillende blom patrone wat uit die historiese geskiedenis van die area kom, en verteenwoordig die oop areas / parke waarvoor die JSRA verantwoordelik is.

PÊRELS:
Die 6 pêrels is 'n voorstelling van 'n deel van die Jonkheer kroon, van bo gesien, en verteenwoordig die 6 woorbuurte waaruit die Jonkershoek SRA bestaan

## The Jonkershoek SRA trade mark

The Jonkershoek SRA trade mark has been developed by Elizna Venter of Letterchef. The logo is used already on our letter head and on the patrol vehicles. It will soon be used in all means of communication.

The logo can be used in full colour or in black and white, as displayed below.

### LOGO DESCRIPTION

SHIELD:
The shield is a symbol of safety and security. It also refers to the rich history of the JSRA area, where nearly all of the original farms or areas, were once visually represented or linked to a coat of arms in which a shield played a central role

FLOWER:
The flower is a combination of the different floral patterns found in the historical documents and buildings of the area. The flower represents the open areas and parks for which the JSRA is responsible

PEARLS:
The pearls resemble a "Jonkheer's" crown as seen from above, and represents the 6 neighbourhoods the JSRA is responsible for.

ONTHOU
## SEKURITEITS-NOMMERS

Patrollie voertuig **082 832 3303**

Wagkamer **021 886 8976**

REMEMBER
## SECURITY NUMBERS

Patrol vehicle **082 832 3303**

Control Room **021 886 8976**